SOLIDARITEIT
NAVORSINGSINSTITUUT

# Verpleegtekorte in Suid-Afrika 2022

Nicolien Welthagen

Maart 2022



18 Oktober 2018

Deel van die Solidariteit Beweging

# Inhoud

Inleiding ........ 2
1. Verpleging in Suid-Afrika – huidige syfers ........ 3
2. Wêreldstandaarde vir verpleegpersoneelgetalle ........ 6
3. Wêreldtekorte aan verpleegpersoneel ........ 7
4. Personeeltoename as gevolg van Covid 19 ........ 7
5. Verpleegstersopleiding ........ 8
6. Verouderde werksmag ........ 11
7. Bedanking ........ 11
8. Verpleegstertekorte ........ 11
9. Vakante poste ........ 12
Samevatting ........ 13

# Lys van figure

Figuur 1. Aantal verpleegsters en vroedvroue vir Suid-Afrika per 1000 mense ........ 3
Figuur 2 Digtheid van verpleegpersoneel per 10 000 bevolking in 2018. ........ 6
Figuur 3 Afname in verpleeg-studentegetalle sedert 2012 ........ 10

# Lys van tabelle

Tabel 1 Aantal verpleegsters wat in die openbare sektor per provinsie praktiseer ........ 4
Tabel 2 SANC Geografiese verspreiding 2020, Verpleegpersoneel teenoor populasie ........ 5
Tabel 3 Verpleegkwalifikasies ........ 9
Tabel 4 Verpleegstudente in opleiding per kwalifikasie vir 2012 tot 2021 ........ 10

# Inleiding

Die Departement van Gesondheid se nuwe 2025-strategie genaamd Menslike Hulpbronne vir Gesondheid (HRH) toon dat Suid-Afrika wesenlike personeeltekorte onder gesondheidswerkers in die gesig staar[1,2].

Swak leierskap en bestuur, korrupsie en onvoldoende ondersteuning aan gesondheidswerkers is skerp deur die Covid-19-pandemie uitgelig. Voorafbestaande probleme met voorsieningskettings het na vore gekom en wyer kwessies van tekorte aan toerusting en voorraad is beklemtoon[1].

Suid-Afrika staar vele uitdagings in gesondheidsorgdienslewering in die gesig. Dit behels ʼn gebrek aan befondsing en onvoldoende begrotings[14], ongelyke verspreiding van hulpbronne soos gesondheidsfasiliteite en gesondheidsorgwerkers, spesifiek in landelike gebiede, vir beide die openbare sektor en die private sektor[15]. ʼn Ander ernstige uitdaging is die trae vordering in die herstrukturering van die gesondheidsorgstelsel, veral rakende verpleegkategorieë en verpleegopleiding[16].

Behalwe vir ʼn bestuurs- en leierskapskrisis is die grootste probleem by uitstek egter die gebrek aan implementering en bestuursuitvoering van planne, strategie en riglyne.

Hierdie verslag fokus veral op verpleegkundeprobleme in die openbare sektor.

**Doelwitte**: Die doelwitte van die studie is om die verpleegtekorteverslag van 2018 by te werk om die omvang van verpleegtekorte in die openbare sektor in Suid-Afrika in 2022 te bepaal en om ʼn beter begrip te kry van die faktore wat ʼn rol speel of tot verpleegtekorte bydra.


**Metode**: Data is verkry vanaf die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) (Engels: “South African Nursing Council” – SANC), PERSAL, die Departement van Gesondheid, mediaberigte en navorsingstudies oor die gebied. Dit kan beskou word as ʼn oorsig van syfers en inligting wat in die openbaar bekend is.

# 1. Verpleging in Suid-Afrika – huidige syfers

Daar bestaan steeds (soos in 2018 met die skryf van die vorige verslag) bepaalde uitdagings om tussendeur die syfers van die Wêreldbank, die Verenigde Nasies, die Departement van Gesondheid, die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) en Suid-Afrika se PERSAL (betalings- en personeeladministrasiestelsel) vas te stel wat die ware stand van menslike hulpbronne vir gesondheidsorg in die openbare sektor in Suid-Afrika is. Syfers verskil van mekaar, word nie oral op dieselfde tyd bygewerk nie, en daar word nie dieselfde kriteria gebruik vir wat in- of uitgesluit word nie.

Die Wêreldbank se "Global Health Workforce Statistics" wat in Februarie 2022 opgedateer is, se statistieke vir verpleegkundiges en vroedvroue in Suid-Afrika word in Figuur 1 uiteengesit. Ongelukkig is hierdie syfers vir Suid-Afrika slegs tot en met 2017 bygehou[4].

*Figuur 1. Aantal verpleegsters en vroedvroue vir Suid-Afrika per 1000 mense*




Volgens die gegewe syfers was daar in 2017 slegs 1,4 verpleegkundiges en vroedvroue vir elke 1000 mense in Suid-Afrika. Die syfers vir gemeenskapswerkers in Suid-Afrika per 1000 mense is in 2004 vir die laaste keer deur die Wêreldbank bygehou. Daar is toe aangedui dat daar 0,19 gemeenskapswerkers vir elke 1000 mense in Suid-Afrika werksaam is.

Volgens die "Health Review" van 2020 is daar die volgende aantal verpleegpersoneel wat in die openbare sektor in Suid-Afrika praktiseer of as studente ingeskryf is[7].

*Tabel 1 Aantal verpleegsters wat in die openbare sektor per provinsie praktiseer*

| Aanstelling | Periode | Suid-Afrika | Oos-Kaap | Vrystaat | Gauteng | KZN | Limpopo | Mpumalanga | Noord-Kaap | Noordwes | Wes-Kaap |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ingeskrewe verpleegsters** | Maart 2009 | 22 882 | 2 196 | 434 | 3 639 | 9 434 | 2 757 | 1 345 | 197 | 757 | 2 141 |
| | Maart 2020 | 29 638 | 3 321 | 1 033 | 7 188 | 8 939 | 3 591 | 639 | 238 | 962 | 2 727 |
| | | | | | | | | | | | |
| **Verpleegster assistente** | Maart 2009 | 33 653 | 5 176 | 2 332 | 5 364 | 6 515 | 4 686 | 2 199 | 780 | 2 661 | 3 940 |
| | Maart 2020 | 33 600 | 5 395 | 2 023 | 6 431 | 5 840 | 4 623 | 1 477 | 822 | 2 768 | 4 221 |
| | | | | | | | | | | | |
| **Professionele verpleegsters** | Maart 2009 | 47 152 | 7 388 | 1 883 | 7 448 | 11 964 | 6 779 | 3 474 | 1 194 | 2 911 | 4 111 |
| | Maart 2020 | 70 437 | 11 091 | 2 104 | 14 001 | 16 772 | 9 109 | 5 799 | 1 491 | 4 846 | 5 224 |
| | | | | | | | | | | | |
| **Studente verpleegsters** | Maart 2009 | 10 641 | 1 738 | 4 | 4 339 | 2 189 | 817 | 513 | 15 | 1 026 | 0 |
| | Maart 2020 | 2 765 | 0 | 0 | 1 593 | 458 | 155 | 552 | 0 | 7 | 0 |

∗Gemeenskapsgesondheidswerkers se data is nie hierby ingesluit nie.

Volgens die Health Review (wat van PERSAL-data vir sy syfers gebruik maak) was daar in Maart 2020, 70 437 verpleegkundiges werksaam in die openbare sektor in Suid-Afrika. Die populasiesyfer vir 2020 was 59 308 690. Daar is egter ongeveer 79% van die populasie wat van die openbare sektor mediese dienste gebruik maak en dit werk dan rofweg uit op ’n openbare sektor populasie van 46 853 865 mense. Daar is dan 1,5 verpleegkundiges vir elke 1 000 mense in die openbare sektor in Suid-Afrika.

Volgens die SARV was daar in Desember 2021 een verpleegkundige (alle kategorieë) vir elke 218 persone in Suid-Afrika. Die druk is veral hoog in die Noord-Kaap, met een verpleegkundige vir elke 360 mense, en in Mpumalanga, met een verpleegkundige vir elke 318 mense[9].

Die SARV-syfers dui dus op 45,8 verpleegkundiges (alle kategorieë: geregistreer, ingeskryf of hulp) per 10 000 van die bevolking. Die Verenigde Nasies se strategie vir volhoubare ontwikkelingsdoelwitte bepaal dat daar ten minste 5,1 verpleegkundiges vir elke 1 000 mense van die bevolking moet wees, maar beveel aan dat daar 8,6 vir elke 1 000 moet wees om kwaliteit-mediese sorg te verseker[22]. Volgens die SARV-getalle het Suid-Afrika in Maart 2020 dus 4,6 verpleegkundiges vir elke 1 000 mense in Suid-Afrika gehad, wat heelwat minder as die VN se aanbeveling is. As daar na PERSAL-syfers gekyk word, is dit nog minder.

Daar word beraam dat die ratio van pasiënt tot verpleegster in openbare hospitale meer as 25 tot 1 is. Die skatting vir verpleegster-pasiënt ratio in die privaatsektor is 6 tot 1.

Daar moet verder in ag geneem word dat ingeskrewe of hulpverpleegsters slegs basiese prosedures kan verrig en steeds deur ’n geregistreerde verpleegkundige ondersteun en bestuur moet word[22]. Die bekommernis bestaan steeds, soos ook die geval was met die 2018-verslag oor verpleegtekorte, dat die SARV die getalle aantoon van alle personeel wat by hulle geregistreer is, ongeag of hulle praktiseer of nie.

Die SARV se syfers tot en met Desember 2021 word in die volgende tabel uiteengesit:

*Tabel 2 SANC Geografiese verspreiding 2020, Verpleegpersoneel teenoor populasie*

| PROVINCE | POPULATION (ESTIMATE) 2021 | NURSING MANPOWER AS AT 2021/12/31 | | | | STUDENTS IN TRAINING 2021/12/31 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | REGISTERED CATEGORIES | ENROLLED NURSES | NURSING AUXILIARIES | TOTAL ON REGISTER | NURSING / MIDWIFERY | ENROLLED NURSING | NURSING AUXILIARY |
| PERSONS ******* | | | | | | | | |
| Eastern Cape | | | | | | | | |
| - FEMALES | 3 524 777 | 14372 | 4071 | 5457 | 23900 | 2387 | 64 | 156 |
| - MALES | 3 151 813 | 2289 | 851 | 1062 | 4202 | 937 | 30 | 48 |
| - TOTAL | 6 676 590 | 16661 | 4922 | 6519 | 28102 | 3324 | 94 | 204 |
| Free State | | | | | | | | |
| - FEMALES | 1 515 411 | 7148 | 1559 | 2420 | 11127 | 843 | 47 | 56 |
| - MALES | 1 417 030 | 1250 | 363 | 300 | 1913 | 225 | 12 | 15 |
| - TOTAL | 2 932 441 | 8398 | 1922 | 2720 | 13040 | 1068 | 59 | 71 |
| Gauteng | | | | | | | | |
| - FEMALES | 7 897 614 | 37689 | 12917 | 15393 | 65999 | 2999 | 642 | 399 |
| - MALES | 7 912 773 | 3494 | 1207 | 1016 | 5717 | 696 | 77 | 44 |
| - TOTAL | 15 810 387 | 41183 | 14124 | 16409 | 71716 | 3695 | 719 | 443 |
| KwaZulu/Natal | | | | | | | | |
| - FEMALES | 6 003 140 | 31699 | 17778 | 11168 | 60645 | 1366 | 349 | 139 |
| - MALES | 5 510 435 | 4108 | 2053 | 1131 | 7292 | 576 | 71 | 27 |
| - TOTAL | 11 513 575 | 35807 | 19831 | 12299 | 67937 | 1942 | 420 | 166 |
| Limpopo | | | | | | | | |
| - FEMALES | 3 115 073 | 11803 | 4241 | 8945 | 24989 | 825 | 40 | 7 |
| - MALES | 2 811 651 | 1856 | 488 | 773 | 3117 | 322 | 12 | 4 |
| - TOTAL | 5 926 724 | 13659 | 4729 | 9718 | 28106 | 1147 | 52 | 11 |
| Mpumalanga | | | | | | | | |
| - FEMALES | 2 410 691 | 7660 | 2073 | 3509 | 13242 | 308 | 28 | 14 |
| - MALES | 2 332 894 | 1229 | 233 | 210 | 1672 | 91 | 7 | 7 |
| - TOTAL | 4 743 585 | 8889 | 2306 | 3719 | 14914 | 399 | 35 | 21 |
| POPULATION PER QUALIFIED NURSE (IN THE SAME PROVINCE) ***************************************************** | | | | | | | | |
| Eastern Cape | | 401:1 | 1356:1 | 1024:1 | 238:1 | | | |
| Free State | | 349:1 | 1526:1 | 1078:1 | 225:1 | | | |
| Gauteng | | 384:1 | 1119:1 | 964:1 | 220:1 | | | |
| KwaZulu/Natal | | 322:1 | 581:1 | 936:1 | 169:1 | | | |
| Limpopo | | 434:1 | 1253:1 | 610:1 | 211:1 | | | |
| Mpumalanga | | 534:1 | 2057:1 | 1276:1 | 318:1 | | | |

| PROVINCE | POPULATION (ESTIMATE) 2021 | NURSING MANPOWER AS AT 2021/12/31 | | | | STUDENTS IN TRAINING 2021/12/31 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | REGISTERED CATEGORIES | ENROLLED NURSES | NURSING AUXILIARIES | TOTAL ON REGISTER | NURSING / MIDWIFERY | ENROLLED NURSING | NURSING AUXILIARY |
| PERSONS ******* | | | | | | | | |
| North West | | | | | | | | |
| - FEMALES | 2 027 178 | 9360 | 2430 | 3714 | 15504 | 1298 | 5 | 38 |
| - MALES | 2 095 676 | 1587 | 294 | 466 | 2347 | 326 | 1 | 10 |
| - TOTAL | 4 122 854 | 10947 | 2724 | 4180 | 17851 | 1624 | 6 | 48 |
| Northern Cape | | | | | | | | |
| - FEMALES | 658 582 | 2127 | 314 | 805 | 3246 | 139 | - | 69 |
| - MALES | 644 464 | 256 | 36 | 80 | 372 | 44 | - | 43 |
| - TOTAL | 1 303 046 | 2383 | 350 | 885 | 3618 | 183 | - | 112 |
| Western Cape | | | | | | | | |
| - FEMALES | 3 602 465 | 16823 | 5173 | 6586 | 28582 | 1696 | 108 | 67 |
| - MALES | 3 511 311 | 1642 | 403 | 504 | 2549 | 391 | 20 | 13 |
| - TOTAL | 7 113 776 | 18465 | 5576 | 7090 | 31131 | 2087 | 128 | 80 |
| T O T A L S (R.S.A.) | | | | | | | | |
| - FEMALES | 30 754 931 | 138681 | 50556 | 57997 | 247234 | 11861 | 1283 | 945 |
| - MALES | 29 388 047 | 17711 | 5928 | 5542 | 29181 | 3608 | 230 | 211 |
| - TOTAL | 60 142 978 | 156392 | 56484 | 63539 | 276415 | 15469 | 1513 | 1156 |
| POPULATION PER QUALIFIED NURSE (IN THE SAME PROVINCE) ***************************************************** | | | | | | | | |
| North West | | 377:1 | 1514:1 | 986:1 | 231:1 | | | |
| Northern Cape | | 547:1 | 3723:1 | 1472:1 | 360:1 | | | |
| Western Cape | | 385:1 | 1276:1 | 1003:1 | 229:1 | | | |
| T O T A L S (R.S.A.) | | 385:1 | 1065:1 | 947:1 | 218:1 | | | |

**SANC Geografiese verspreiding 2020, Verpleegpersoneel teenoor Suid-Afrika se populasie. Bl.29.**

Die Departement van Gesondheid se nuwe strategiese plan vir menslike hulpbronne[2] dui aan dat daar teen 2025 'n bykomende 97 000 gesondheidswerkers in Suid-Afrika in diens moet wees om in die gesondheidsbehoeftes van die land te voorsien. Hiervan moet ten minste eenderde (29 100) gemeenskapsgesondheidswerkers wees. Verdere projeksies bepaal dat die openbare primêre

gesondheidsorgstelsel (veral wanneer die NGV in werking tree) alleen byna 88 000 bykomende gesondheidswerkers sal benodig[2].


Meer as die helfte van die land se gesondheidsorgwerkers is verpleegkundiges. Die strategiese plan vir 2025 dui aan dat meer as 16 000 bykomende professionele verpleegkundiges teen 2025 in Suid-Afrika nodig sal wees.

## 2. Wêreldstandaarde vir verpleegpersoneelgetalle

Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) se verslag "State of the World's Nursing, 2020" was daar wêreldwyd in 2018 ongeveer 27,9 miljoen verpleegpersoneel, waarvan 19,3 miljoen professionele verpleegkundiges was. Daar was 'n toename van 4,7 miljoen verpleegpersoneel oor die tydperk 2013-2018. Verpleging is die grootste beroepsgroep in die gesondheidsektor en behels sowat 59% van die gesondheidsberoepe[10].

Figuur 2 hieronder illustreer die wye variasie in digtheid van verpleegkundepersoneel tot bevolking, met die grootste gapings in lande soos Afrika, Suidoos-Asië, Oos-Mediterreense streke en sommige lande in Latyns-Amerika[10].

*Figuur 2 Digtheid van verpleegpersoneel per 10 000 bevolking in 2018.*




**Direk geneem uit: STATE OF THE WORLD'S NURSING 2020:3**

Volgens hierdie uiteensetting was daar in 2020 in Suid-Afrika sowat 10 – 19 verpleegkundiges per 10 000 van die bevolking. Om dit te vergelyk met ander beskrywings waar verpleegkundiges per 1000 van die bevolking aangedui word, toon die syfers dat daar dus 1 – 1,9 verpeegkundiges vir elke 1000 mense van die bevolking is. Dit is 'n swakker beraming as die SARV se aanduidings van 4,6 verpleegkundiges per 1000 mense.

## 3. Wêreldtekorte aan verpleegpersoneel

Die wêreldwye kwessie van verpleegtekorte was reeds voor die pandemie 'n bekommernis. In 2020 het die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) die eerste verslag getiteld State of the World's Nursing (SOWN) gepubliseer (Hier beskikbaar: https://apps.who.int/iris/bitstream/handle/10665/331673/9789240003293-eng.pdf). Die verslag het aan die lig gebring dat daar regoor die wêreld 'n tekort van 5,9 miljoen verpleegkundiges is. Die meeste (89% – 5,3 miljoen verpleegkundiges) van hierdie tekorte is in lae- en laer-middelinkomste lande gekonsentreer, waar die groei in die aantal verpleegsters nie tred kon hou met die bevolkingsgroei nie[10,13].

Met die veroudering van die verpleegpersoneel sal 17% van verpleegkundiges wêreldwyd na verwagting binne die volgende tien jaar aftree. Daar sal 4,7 miljoen bykomende verpleegkundiges opgelei en in diens geneem moet word net om huidige arbeidsmaggetalle te handhaaf, wat dan nog nie eers tekorte aanspreek nie. In totaal sal 10,6 miljoen bykomende verpleegkundiges teen 2030 benodig word[13].

Die Covid-19-pandemie het die wêreldwye verpleegtekortkwessies vergroot en vererger, en risiko's vir die gesondheidswerksmag verhoog, insluitend stres en uitbranding weens maande se versorging van Covid-19-pasiënte. Alle aanduidings bestaan dat talle verpleegkundiges reeds bedank het of as gevolg hiervan nog sal bedank[13].

## 4. Personeeltoename as gevolg van Covid 19

Volgens die destydse minister van gesondheid, dr. Zweli Mkhize, is daar sedert die begin van die Covid-19-pandemie 13 135 nuwe verpleegkundiges regoor SA se nege provinsies aangestel (syfers soos in September 2020 bekend gemaak)[17]. Daar is verder op 13 Januarie 2021 in 'n *IOL*-artikel[19] berig dat die Departement van Gesondheid meer as 60 000 gesondheidsorgwerkers aangestel het. Dit sluit onder meer in 1 863 mediese beamptes, 233 gemeenskapsdiensdokters, 276 interns, 352 mediese spesialiste en 185 registrateurs. Mkhize het aangedui dat daar tot en met 2021 'n totaal van 14 232 nuwe verpleegpersoneel aangestel is. Dit het 5 901 professionele verpleegkundiges, 4 284 stafverpleegkundiges, 3 574 verpleegassistente en ander kategorieë verpleegkundiges ingesluit. Die minister het gesê dat 31 302 Suid-Afrikaanse gemeenskapsgesondheidswerkers en 16 995 gesondheidswerkers ook aangestel is. Hy het verder genoem dat 797 buitelandse gesondheidsorg- en verwante professionele persone van Maart tot Oktober 2021 in diens geneem is[19]. (Daar word nie gespesifiseer van watter nasionaliteit hierdie mense was nie en ook nie of dit deel uitmaak van die Kubaanse groep wat aangestel is nie.)

'n Totaal van 88 954 persone is as gesondheidsverwante professionele persone asook ondersteuningspersoneel aangestel om van Maart 2020 tot April 2021 dienste in die openbare gesondheidsektor te versterk. Van die 88 954 aanstellings is 50 614 in nuutgeskepte poste aangestel. Daar is 34 338 gemeenskapsgesondheidswerkers aangestel, wat ook deel van hierdie groep uitgemaak het[8].

Nomagugu Simelane-Zulu, LUR vir gesondheid in KwaZulu-Natal, het in Junie 2020 gesê die provinsie se stryd teen Covid-19 het 'n broodnodige hupstoot gekry met die indiensneming van byna 5 000 gesondheidswerkers wat verpleegsters en algemene hospitaalpersoneel ingesluit het. In een van die grootste en belangrikste personeelwerwingsveldtogte ooit in KZN is daar 4 773 poste in die

kategorieë vir professionele verpleegkundiges (2 408), ingeskrewe verpleegsters (1 968), algemene hospitaalwerkers en portiere (230), saalklerke (70) en intensiewesorgverpleegkundiges (97) geadverteer. Dit is nie seker of die bogenoemde syfers deel uitmaak van Mkhize se uiteensetting van nuwe personeel wat aangestel is nie.

Dit is moeilik om te bepaal hoeveel van hierdie syfers en aanstellings in die statistieke van die SARV opgeneem is, en dit is onseker hoeveel van hierdie aanstellings permanent van aard sal wees. Daar is reeds aanduidings van stakings omdat mediese personeel se kontrakte nie hernu is nie. Uit Gqeberha in die Oos-Kaap is daar in Januarie 2022 berig dat die kontrakte van 2 749 werkers, insluitend dokters, verpleegkundiges en ambulanspersoneel, in Maart 2022 beëindig sal word. Die rede wat daarvoor gegee is, is dat daar blykbaar nie fondse beskikbaar is vir die volgende twee jaar nie[18].

Mkhize het in 2021 te kenne gegee dat hy nie kan aandui hoeveel van die nuwe aanstellings hul poste in die toekoms in die openbare gesondheidsorgsektor sal kan behou nie[19]. Volgens ’n berig in Timeslive[24], het die Gauteng Departement van Gesondheid (GdoH) aangekondig dat die kontrakte van ongeveer 8 000 tydelike gesondheidsorgwerkers wat as gevolg van die COVID-19 pandemie aangestel is, nie hernu gaan word nie. Die aanvanklike bedrag van R2,2 miljard is vir die 2022/2023 periode na R1,1 miljard verminder en gevolglik sal al die kontrakte nie in Maart 2022 hernu kan word nie[24].

Die “Nursing Now”-veldtog (https://www.youtube.com/watch?v=0jIKgS6DbgU) is in Desember 2020 van stapel gestuur. Dit behels ’n driejaarveldtog wat deur die wêreldwye verpleeggemeenskap geïnisieer is met die uitsluitlike doel om gesondheidsorglewering te verbeter. Die vyf sleutel-fokusareas vir die veldtog is: om te verseker dat verpleegkundiges en vroedvroue ’n meer prominente stem in gesondheidsbeleidmaking het; om groter belegging in verpleegpersoneel aan te moedig; en om meer verpleegkundiges in leierskapposisies te plaas. Dit behels ook om meer navorsing te doen om te help bepaal waar verpleegkundiges die grootste impak op die gemeenskap kan hê deur hul beste verpleegpraktyke te deel[5].

## 5. Verpleegstersopleiding

Die kern van die probleme betreffende die opleiding van verpleegsters is dat daar by die SARV ’n vertraging met die goedkeuring van private verpleegopleidingsinstellings is. Die SARV ervaar kritieke probleme rakende die transformasie van verpleging in Suid-Afrika. Die oorgangsproses van die ou na die nuwe, en die implementering van nuwe opleiding en akkreditering van instellings is traag en gebeur nie vinnig genoeg nie [21].

Die president van DENOSA (Democratic Nursing Organisation of South Africa), Simon Hlungwani, sê dat daar baie onsekerheid binne die verpleegberoep en veral rondom opleiding bestaan. Geakkrediteerde privaat verpleegopleidingsinstellings in Suid-Afrika is veral in die moeilikheid nadat die SARV baie van die kursusse wat daar aangebied word, reeds in 2015 opgeskort het. Daar was ’n poging om weg te beweeg van subprofessionele kategorieë binne verpleging, met die doel om die beroep op ’n hoër professionele standaard te kry. Die verandering in verpleegkategorieë en die inhoud van opleiding, onder andere, het tot eindelose vertragings aanleiding gegee[6].

Die SARV het in 2012 al begin met die ontwikkeling en akkreditasie van ’n nuwe kurrikulum en nuwe kwalifikasies, maar jare later is slegs ’n handjievol opleidingsinstellings geakkrediteer[21]. Hoewel Suid-

Afrika ʼn dringende tekort aan verpleegpersoneel het, en daar jaarliks minder en minder studente opgelei word, bly sekere verpleegkolleges gesluit en word daar steeds geen poging aangewend om hierdie fasiliteite op te knap of te heropen nie[6].

Volgens die Departement van Gesondheid se Strategiese Beplanningsdokument vir Verpleegopleiding en -praktyk wat poog om die pad vorentoe vir die versterking van verpleegkunde en verloskunde vir die volgende vyf jaar in Suid-Afrika aan te dui, lyk die nuwe NQF-belynde verpleegkwalifikasies soos volg[6]:

*Tabel 3 Verpleegkwalifikasies*

| Verpleegkategorieë | Kwalifikasie | Tipe NQF-vlak | Duur |
|---|---|---|---|
| Geregistreerde Hulpverpleegkundige | Hoër sertifikaat | 5 | 1 jaar |
| Geregistreerde Algemene Verpleegkundige | Diploma in Verpleegkunde | 6 | 3 jaar |
| Geregistreerde Vroedvrou | Gevorderde diploma | 7 | 1 jaar |
| Geregistreerde Professionele Verpleegkundige en Vroedvrou | Baccalaureusgraad | 8 | 4 jaar |
| Verpleegkundige Spesialis/ Vroedvrou Spesialis | Nagraadse Diploma | 8 | 1 jaar |
| Gevorderde Spesialisverpleegster | Meestersgraad | 9 | 1 jaar |
| Doktorsgraad in Verpleegkunde | PhD | 10 | 3 jaar |

Wetgewing het in 2020 verander om te vereis dat alle verpleegopleidingsinstellings in die toekoms as hoëronderwysinstellings moet registreer. Die uitvoerende hoof van die Verpleegopleidingsvereniging, dr. Nelouise Geyer, verduidelik dat die oorgang ʼn beduidende gaping in die aantal gegradueerdes geskep het. Sy noem dat talle kleiner private opleidingsinstellings moes sluit omdat hulle nie kon bekostig om as 'n hoëronderwysinstelling te registreer nie. Hoewel die minister van hoër onderwys ʼn oorgangsreëling geskep het om instellings tydelik te laat kwalifiseer, kon vele openbare verpleegkolleges steeds nie aan die vereistes voldoen nie[11].

Die mees uitdagende verandering is dat slegs universiteite geakkrediteer is om die professionele verpleegprogram aan te bied – wat tot ʼn daling van byna 80% in die uitset van professionele verpleegkundiges kan lei. Daar is veral kommer oor die tekort aan spesialisverpleegkundiges, waarvan nie een gedurende 2020 of 2021 opgelei is nie omdat nie een van die nuwe spesialisprogramme nog geakkrediteer is nie. Daar is ook geen hoop dat hierdie opleiding in 2022 hervat sal word nie[11].

Die Departement van Gesondheid bevestig dat 17 universiteite tans geakkrediteer is, asook 10 openbare en 10 private verpleegkolleges. Die totale aantal studente wat per jaar per program vir opleiding toegelaat kan word, is ongeveer 5 900. Daar is egter aanduidings dat diegene wat die nuwe geakkrediteerde kursusse volg, baie probleme daarmee ervaar. Die dosente voel dat hulle geen ondersteuning van die Departement van Gesondheid ontvang nie en is gefrustreerd omdat hulleself nie die regte kwalifikasies of kennis van die nuwe kurrikulum het nie[11].


Byna 60% van verpleegopleiding vind binne private opleidingsinstellings plaas. As die akkreditasie van hierdie instellings nie plaasvind nie, sal dit aanleiding gee tot verdere ernstige tekorte aan verpleegpersoneel in die toekoms. Dit sal veral ook die uitset van spesialisverpleegkundiges beïnvloed [8]. Private hospitale, insluitend Mediclinic, Netcare en Life Healthcare, het onderneem om 50 000 nuwe verpleegkundiges deur die Hospitaalvereniging van SA op te lei, maar as private

hospitale en instellings eers in 2022 opleiding vir verpleegkundiges kan begin aanbied, sal Suid-Afrika eers in 2059 kan begin om verpleegtekorte teen te werk[23].

Die opleiding van ingeskrewe verpleegkundiges en verpleegassistente is ook gestaak sonder om voorsiening te maak vir die opleiding van verpleegkundiges in die nuwe kwalifikasies, wat tot die afname in die algehele getalle van verpleegkundiges gelei het. Die destydse minister van gesondheid, dr. Aaron Motsoaledi, het in 2018 gesê dat die verandering in die verpleegkundekurrikulum negatiewe gevolge vir die verpleegprofessie ingehou het[23].


Die volgende grafieke bied ʼn uiteensetting van die aantal studente wat vanaf 2012 tot 2021 in Suid-Afrika opgelei is.

*Tabel 4 Verpleegstudente in opleiding per kwalifikasie vir 2012 tot 2021*




**Syfers vir 2012 – 2016 uit (Mahlathi& Dlamini, 2017)$_{20}$. Syfers vir 2021 is uit SARV (SANC Geografiese verspreiding 2020, Verpleegpersoneel teenoor Suid-Afrika se populasie. Bl.29) $_{9}$.**

*Figuur 3 Afname in verpleeg-studentegetalle sedert 2012*



Daar is 25 116 minder verpleegstudente in 2021 as in 2012. Dit is ʼn afname van 58% sedert 2012. Daarby moet daar in ag geneem word dat alle ingeskrewe studente nie noodwendig hul kursusse voltooi nie. Daar is egter geen syfers hiervoor beskikbaar nie.

## 6. Verouderde werksmag

Daar word beraam dat byna die helfte van die verpleegpersoneel in SA oor die volgende 15 jaar sal aftree. Tensy konkrete stappe gedoen word om opleiding en behoud te verhoog, sal hierdie verskynsel die huidige tekorte verskerp en waarskynlik tot ʼn groeiende probleem aanleiding gee[11,12].

Volgens die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) se 2020-statistieke is die ouderdomsdemografie van geregistreerde verpleegkundiges en vroedvroue ernstig skeef na ouer praktisyns, met minder as ʼn derde wat onder die ouderdom van 40 jaar is. Die statistieke toon 27% van geregistreerde verpleegkundiges is in hul 50's, 26% in hul 40's, en slegs 21% is in hul 30's. Daar is slegs 6% van geregistreerde verpleegkundiges in hul 20's.

Die vasgestelde aftreeouderdom vir verpleegkundiges in die openbare sektor is 65 jaar, hoewel daar ʼn mate van buigsaamheid toegelaat word. Dit beteken dat 47% van geregistreerde verpleegkundiges oor 15 jaar sal aftree. Dieselfde geld vir ongeveer 26% tot 30% van die ingeskrewe verpleegkundiges en verpleegassistente[11,12].

## 7. Bedanking

Die Internasionale Raad vir Verpleging het aangedui dat ʼn gemiddeld van 20% van lande wat aan ʼn opname deelgeneem het, se verpleegverenigings aangedui het dat daar ʼn toename in die aantal verpleegkundiges is wat die beroep as gevolg van die Covid-19-pandemie verlaat het. In Januarie 2020 het die Internasionale Raad vir Verpleging verder hul kommer uitgespreek oor die groot aantal verpleegkundiges wat trauma tydens die Covid-19-pandemie ervaar het. Hulle is veral bekommerd oor die medium- tot langtermyn-effekte wat trauma op die verpleegkunde-werksmag sal hê. Daar is verwag dat die gevolge, soos uitbranding, reeds in die tweede helfte van 2021 sigbaar sou begin word[13].

## 8. Verpleegstertekorte

Volgens Suid-Afrika se Menslike Hulpbronne vir Gesondheidstrategie vir 2030[2] word voorspel dat daar teen 2025, slegs drie jaar weg, waarskynlik ʼn tekort van ongeveer 34 000 geregistreerde verpleegkundiges in primêre gesondheidsorg sal wees indien niks wesenlik gedoen word nie. Swak personeelbeplanning en deurlopende vermindering van begrotings vir die befondsing van verpleegopleiding deur die regering vorm die kern van die probleem. Volgens die president van die Young Nurses Indaba, Lerato Mthunzi, word die probleem deur swak werksomstandighede vergroot deurdat dit die verpleegberoep minder aantreklik maak. Sy sê weens uitbranding en die "breindrein" het baie die beroep of die land verlaat vir beter werksomstandighede in die buiteland. Dit verhoog druk op diegene wat oorbly. Algemene sale het nou ratio's van ongeveer 20 tot 30 pasiënte tot een

verpleegkundige en assistent, in teenstelling met die internasionale norm van ongeveer vyf tot een. Hierdie krisis sal ʼn negatiewe uitwerking op die verskaffing van primêre gesondheidsorg hê. Belangrike gesondheidsaanwysers, veral van kinders en in siektetoestande soos TB en HIV, en die algemene vermoë om die gesondheidsverwante volhoubare ontwikkelingsdoelwitte te bereik, sal in gedrang wees[11,12].

Volgens syfers wat op die SANC-webwerf gepubliseer is, het die totale aantal verpleegkundiges op hul register toegeneem van ongeveer 238 000 in 2011 tot ongeveer 280 000 in 2020. Dit kom neer op 'n toename van 18%, rofweg in verhouding met bevolkingsgroei oor dieselfde tydperk. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die aantal geregistreerde verpleegkundiges nie noodwendig praktiseer nie. Verder kan onlangse terugslae in verpleegopleiding beteken dat tekorte erger is as wat dit op die oog af blyk te wees[11].

Die potensiaal is groot om hoogs geskoolde personeel na ander lande te verloor. Baie verpleegkundiges is gedemoraliseer, en die regering kan nie met ʼn wesenlike plan vorendag kom om broodnodige personeel te behou nie. Die tekort aan personeel sal vererger as niks in plek gestel word nie[1].

## 9. Vakante poste

Die minister van gesondheid, Joe Phaahla het in Maart 2022 aangekondig dat daar 10 831 ongevulde poste vir verpleegkundiges in publieke hospitale bestaan. KwaZulu-Natal het die meeste verpleegkundige vakatures (3603), gevolg deur die Oos-Kaap (2183) en Gauteng (1497). Limpopo het 806 vakatures, die Vrystaat 799, Noordwes 622, Mpumalanga 569, die Wes-Kaap 526 en die Noord-Kaap 226. Volgens Phaahla, sal al hierdie poste as gevolg van begrotingstekorte nie gevul kan word nie[25].

# Samevatting

Daar is geen twyfel daaraan dat Suid-Afrika ernstige verpleegpersoneeltekorte in die gesig staar nie. Volgens die SARV se syfers is daar tans slegs 4,6 verpleegpersoneel per 1000 mense van die bevolking. Die ratio, wat reeds 'n oorskatting is, is ver onder die Verenigde Nasies se aanbeveling van ten minste 5,1 verpleegkundiges per 1000 van die bevolking.

Buiten swak leierskap en bestuur, korrupsie en die onvermoë om strategieë en planne oor tyd uit te voer en te implementeer, is die hoofoorsake van hierdie probleem onder andere die enorme krisis met die opleiding van nuwe verpleegpersoneel, asook die verouderde werksmag. Daar is verder ook begrotingstekorte wat nuwe poste en aanstellings bemoeilik.

As gevolg van SARV se herstrukturering van opleiding en akkreditasie wat ná jare steeds sloer, was daar in 2021 ongeveer 58% minder verpleegstudente as in 2012. Dit voorspel ernstige tekorte in toekomstige verpleegpersoneel. Daar word verder verwag dat 47% van verpleegpersoneel binne die volgende 15 jaar sal aftree. Slegs 21% van die huidige verpleegstergroep is in hul 30's en daar is slegs 6% wat in hul 20's is.

Projeksies dui daarop dat daar binne so gou as drie jaar tekorte van 34 000 verpleegkundiges en gesondheidsorgwerkers kan wees. Daar is wel tydens die Covid-19-pandemie duisende nuwe gesondheidsorgwerkers aangestel, maar dit is onseker of die regering die fondse het om hulle permanent in diens te hou.

Konkrete en effektiewe uitvoering van planne en strategie is nodig om die menslike hulpbronplanne van die Gesondheidstrategie te verwesenlik. Die planne op papier lyk bemoedigend en sluit 'n fokus op digitale gesondheidstegnologie, die akkreditasie van verpleegopleidingsinstellings, en die bemagtiging van funksionele bestuurstrukture met bekwame, verantwoordbare en gekwalifiseerde verpleegkundiges en bestuurders op nasionale, provinsiale en distriksvlakke in, maar of dit tot implementering op grondvlak gaan lei, sal nog bepaal moet word.

Dit is verder dringend nodig om die SARV asook die Departement van Gesondheid meer aanspreeklik en verantwoordbaar te hou vir die uitvoering van die planne en strategie. Die krisisse en probleme is al vir etlike jare bekend en daar word selde by enige beloftes gehou. Dit is byna te laat vir omkeerplanne en produktiewe oplossings binne die openbare gesondheidsorgbedryf. Mense se lewens is letterlik in gevaar.

Die syfers in hierdie verslag kan nie sonder konteks en groot versigtigheid aangehaal word nie. Getalle stem nie ooreen nie en daar word verskillende databasisse gebruik. Die een waarheid wat wel uitstaan, is dat die verpleegbedryf in die moeilikheid is en dat die toekoms bleek daar uitsien, indien daar nie drastiese stappe geneem word om die probleme aan te spreek nie.

## Bronnelys


1. Cleary, K. 24 September 2020. South Africa is facing a healthcare worker crisis – thousands more nurses will be needed. Daily Maverick. Spotlight. Beskikbaar by: https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-09-24-south-africa-is-facing-a-healthcare-worker-crisis-thousands-more-nurses-will-be-needed/.
2. National Departement of Health. STRATEGIC PLAN 2020/21-2024/25 RP: 108/2020 ISBN: 978-0-621-48280-5. Beskikbaar by: https://health.gov.za/wp-content/uploads/2020/11/depthealthstrategicplanfinal2020-21to2024-25.pdf
3. Singh, O. 2 Junie 2020. KZN to employ almost 5,000 nurses and general hospital staff in June. Times Live. Beskikbaar by: https://www.timeslive.co.za/news/south-africa/2020-06-02-kzn-to-employ-almost-5000-nurses-and-general-hospital-staff-in-june/ .
4. The World Bank. 15 Februarie 2022. World Health Organization's Global Health Workforce Statistics, OECD, supplemented by country data. Beskikbaar by: https://data.worldbank.org/indicator/SH.MED.CMHW.P3?end=2019&locations=ZA&start=1965&view=chart .
5. Beneke, S. 14 September 2020. Increase in nurses employed during Covid-19. Skills Portal. Beskikbaar by: https://www.skillsportal.co.za/content/increase-nurses-employed-during-covid-19 .
6. National Departement of Health. Maart 2022. National strategic direction for nursing and midwifery education and practice. A road map for strengthening nursing and midwifery in south africa (2020/21-2025/26). Beskikbaar by: https://health.gov.za/wp-content/uploads/2022/02/Nursing-Midwife-National-Strategic-Direction-2020-2021-to-2025-2026-Com.pdf
7. Health Systems Trust. South African Health Review. December 2020. Durban South Africa ISSN 1025-1715 ISBN 978-1-928479-06-2 https://www.hst.org.za/publications/South%20African%20Health%20Reviews/SAHR_NO_BlankPages_3_8_Artifacts_07052021.pdf
8. National Department of Health. April 2020. Annual Report 2020 / 2021 RP264/2021 ISBN: 978-0-621-49712-0. Beskikbaar by: file:///C:/Users/nicolienwelthagen/Downloads/Annual-Report-2020-2021.pdf.
9. South African Nursing Council (SANC). Desember 2021. Provincial distribution of nursing manpower versus the population of the Republic of South Africa as at 31 December 2021. Beskikbaar by: https://www.sanc.co.za/wp-content/uploads/2022/01/Stats-2021-1-Provincial-Distribution.pdf.
10. World Health Organisation. 2020. State of the world's nursing 2020. ISBN 978-92-4-000329-3 (electronic version) ISBN 978-92-4-000330-9 (print version). Beskikbaar by: https://apps.who.int/iris/bitstream/handle/10665/331673/9789240003293-eng.pdf.
11. Schütz, E. 7 Oktober 2021. South Africa's ageing nurses: A looming healthcare crisis. Spotlight: Human Resources and Health. Daily Maverick. Beskikbaar by: https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-10-07-south-africas-ageing-nurses-a-looming-healthcare-crisis/.
12. South African Nursing Council (SANC). 2020. Age statistics 2020. Beskikbaar by: https://ncsacoms.co.za/wp-content/uploads/2021/04/Age-stats-2020.pdf.
13. International Council of Nurses Policy Brief. 2020. The Global Nursing shortage and Nurse Retention. Beskikbaar by: https://www.icn.ch/sites/default/files/inline-files/ICN%20Policy%20Brief_Nurse%20Shortage%20and%20Retention_0.pdf

14. B Malakoane C., Heunis J., Chikobvu P.G., Kigozi N., H Kruger W. Public health system challenges in the Free State, South Africa: a situation appraisal to inform health system strengthening. BMC Health Serv Res. January 2020;20(58):1–14.
15. Winnie Maphumulo and R., Busisiwe Bhengu. Challenges of quality improvement in the healthcare of South Africa post-apartheid: a critical review. Curationis. May 2019;42(1):1–9.
16. Gray A., Vawda Y. health legislation and policy-South African health review. 2018, November. Beskikbaar by: https://www.hst.org.za/publications/South%20African%20Health%20Reviews/SAHR%202018.pdf
17. Baloyi, T. 14 September 2020. More than 13 000 nurses appointed during COVID-19 pandemic. The South African. Beskikbaar by: https://www.thesouthafrican.com/news/more-than-13-000-nurses-hire-during-covid-19-14-september/.
18. Staff Writer. 28 Januarie 2022. Health workers in further demonstration over the thousands of job cuts in Eastern Cape, South Africa. World Socialist Web. Beskikbaar by: https://www.wsws.org/en/articles/2022/01/28/wkrs-j28.html.
19. Maqhina, M. 13 Januarie 2021. No indication if 60 000 Covid-19 healthcare workers will be retained. Iol News. Beskikbaar by: https://www.iol.co.za/news/politics/no-indication-if-60-000-covid-19-healthcare-workers-will-be-retained-0e63da11-e400-45ac-bcb1-714409163761.
20. Mahlathi, P and Dlamini, J (African Institute of Health & Leadership Development). 2017. SOUTH AFRICAN HEALTH SYSTEM. FROM BRAIN DRAIN TO BRAIN GAIN: NURSING AND MIDWIFERY MIGRATION TRENDS. Beskikbaar by http://www.who.int/workforcealliance/brain-drain-brain-gain/17-449_South_Africa_Case_Study_Nursing_and_Midwifery-2017-12-06.pdf
21. James, W. 2016. Nursing shortage is compromising SA healthcare. Medical Brief. Beskikbaar by: https://www.medicalbrief.co.za/archives/nursing-shortage-compromising-sas-healthcare/
22. Armstrong, S. 10 Oktober 2018. SANC delays on private nursing colleges threaten NHI plans Business Day Report. In Medical Brief. Beskikbaar by https://www.medicalbrief.co.za/archives/sanc-delays-private-nursing-colleges-threaten-nhi-plans/
23. Motsoaledi, A. 5 Januarie 2018. In conversation with Bongani Bingwa on the Cape Talk Breakfast show. Nurse training was destroyed, says Motsoaledi. Cape Talk. Beskikbaar by: http://www.capetalk.co.za/articles/286968/nurse-training-was-destroyed-says-motsoaledi
24. Staff Writer. 10 Maart 2022. Temp nurses and support staff to lose jobs at Gauteng health facilities as Covid-19 budget is slashed. Timeslive. Beskikbaar by: https://www.timeslive.co.za/news/south-africa/2022-03-10-temp-nurses-and-support-staff-to-lose-jobs-at-gauteng-health-facilities-as-covid-19-budget-is-slashed/.
25. Staff Writer. 22 Maart 2022. 10,000 vacancies for nurses in government hospitals across South Africa. Work in South Africa. Beskikbaar by: https://www.workinsouthafrica.com/blog/4528-10000-vacancies-for-nurses-in-government-hospitals-across-south-africa/.
26. Staff writer. 2022. To hospitals and clinics in south africa where help is needed most. The exceptional Nurse Campaign. Beskikbaar by: https://theexceptionalnurse.org.za/.